MINISTRY IN THE PRESIDENCY
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Private Bag X860, Pretoria, 0001, Tel: 012 473 0164, Cape Town 8000, Tel: 021 464 2100

2. Die President se Koördineringsraad (PKR)

2.1. President Ramaphosa het op 20 Augustus die PKR byeengeroep, wat die eerste sodanige byeenkoms in hierdie sesde administrasie was. Die Distriksgebaseerde Diensleweringsmodel is aan die PKR voorgelê en deur al die provinsiale premiers aanvaar.

2.2. Die vergadering het ook ooreengekom oor die distrik- prototipe projekte wat deur die president besoek gaan word, wat insluit OR Tambo Distrik in die Oos-Kaap; Waterberg Distrik in Limpopo en Ethekwini Metropolitaanse Munisipaliteit in KwaZulu-Natal.

2.3. Die drie prototipe projekte wat besoek gaan word sluit 'n landelike distrik, 'n mynboudistrik en 'n stedelike metro in. Alhoewel dit die wegspringblokke van die distriksgebaseerde leweringsmodel gaan wees, sal die oorblywende 42 distrikte en sewe metro's ook deur president Ramaphosa en sy regering, saam met die provinsiale regering se leierskap, in die loop van hierdie sesde administrasie besoek word.

2.4. Die vergadering het ook aanbiedings oor die nege Provinsiale Groei-ontwikkelingstrategieë ontvang en die belyning daarvan met die regering se Mediumtermyn Strategiese Raamwerk 2019-2024 bespreek.